

Kom ons korswel / korswil

Wat beteken die opskrif tot hierdie artikel? Miskien is dit sinoniem met die Engels hier langsaan van "Let's talk turkey".

Die WAT beskryf dit soos volg:

'n Grap of grappies maak; goedig of liggies geekskeer, skerts of terg; ook, betreffende ernstige of gevaaarlike sake, jou ligginnig, lughartig uitlaat of gedra.

Daar is klublede wat hul eige definisie het met wie ek nie nou wil korswel nie.

So by so korswel ek nou die dag met iemand oor outydse name van voëltjies se etimologie. Die Griekse was van mening dat jy met 'n woord se étumon d.w.s. "die oorspronklike betekenis" agter 'n woord se werklike ontstaan kon kom. Die Afrikaanse woord etimologie hou dus met hierdie Griekse begrip verband. Uit S.P.E. Boshoff en G.S. Nienaber se boek *Afrikaanse Etimologieë*, 1967 wat deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns uitgegee is, kry mens met soorte woorde soos erf-, en eiegoed sowel as leengoed te make. Ek wil nie met hierdie oudste onderdeel van die taalstudie nou korswel nie, maar wil wel die invloed van die etimologie in die benaming van voëls aanraak. Dit is opvallend dat die nuwe *Roberts Voëlgids* ongeveer veertig bladsye aan die etimologie, asook vreemde voëlname van voëls afstaan.

Die naam van 'n voël kan drie vorme aanneem: die volks-, die literêre-, en die wetenskaplike naam.

Hier volg so 'n voorbeeld van 'n voëltjie se naam:

Volksnaam (vernacular name): Dagbrekerkertjie of Vetvretertjie

Literêrenaam (common name): Gewone Spekvreter (Familiar Chat)

Wetenskaplike naam (Scientific name): *Cercomela familiaris*.

In die etimologiese verduideliking van die wetenskaplike naam (*Cercomela familiaris*) die volgende:

Cerco (Grieks) beteken " 'n swart stert" (*cercō* = stert, *melas* = swart) en *familiaris* is die Latyns vir familiér.

Onder die genus *Cercomela* is daar vier spesies nl. Vlaktespekvreter (Sickle-winged Chat-*Cercomela sinuata*), Karoo-

"Let's talk Turkey"

(by Urkey Turk)


Did you know that:

- The **Immelmann turn** refers to two different aircraft maneuvers:



- In World War I aerial combat, an **Immelman turn** was a maneuver used after an attack on another aircraft to reposition the attacking aircraft for another attack.

- In modern aerobatics, an **Immelman turn** (also known as a roll-off-the-top, or simply an Immelman) is an aerobatic maneuver that results in level flight in the opposite direction at a higher altitude.



Both Peregrine and Lanner Falcons make use of this Immelman turn maneuver after they have struck their prey with great force using their fierce talons.

(Korswel vervolg)

spekvreter (*Karoo Chat-Cercomela schlegelii*), Woestynspekvreter (*Tractrac Chat-Cercomela trachtrac*) en natuurlik die Gewone Spekvreter soos hierbo genoem.

Die Gewone Spekvreter het die gewoonte om die ghries van ossewaens te eet en vandaar die naam Spekvreter. Die ou naam as Dagbreker kom in E. Leonard Gill se boek *A First Guide to South African Birds*, 1970 voor en is onbekend maar 'n raaiskoot is dat dit dalk vroegoggende alreeds te siene was, as die dag breek, by die waenhuis of by die ou plaasimplemente waar hy na kos soek. Hy flits sy vlerkies gedurig en lig so nou en dan sy stert, so een of twee keer.

Hierdie vier spesies kan die beste deur die swart T-vormige stertpatrone ge-eien word.

(Red: Korswel met my as jy nie saamstem nie)



Naboomspruit Voëlklub

Naboomspruit Bird Club

Voëllewe is ons Erfenis
Birdlife is our Heritage

Nuus uit die Waterberge
News from the Waterberg

April 2013

Adres / Address:
Posbus/P.O. Box 1103
Mookgophong.
0560

Naboomspruit Voëlklub se komitee Naboomspruit Bird Club's committee

Ellie van Rhyn (Voorsitster / Chairperson) 014-743 3132
Erica van der Merwe (Vise Voorsitster / Vice Chairperson) 014-743 3451
Komiteelede / Committee members

Wilma Claassens 014-743 1062 of 083 968 4195
Quarta Booyens (Sekretaresse / Secretary) 014-743 3007
Paul van der Schyff 014-743 3493
Charl van der Merwe 014-743 3451
Alda Albasini 083 967 6693

Nuusbriefterverspreiding / Newsletter distribution: Louisa Fourie 014-743 3726
Vryskutjoernalist / Freelance journalist: Billy Attard 015-298 8697 (h)
Loopfoon/ Cell phone: 083 730 5915 (e-pos: josephattard17@gmail.com)

Lees binne/Read inside

Bladsy/Page

Jaarprogram.....	2
Lief en Leed.....	2
Waarnemings: Uitstappies.....	2
Verjaardae: April 2013.....	2
FB-eye en SP-eye.....	2
Die Litsitsirupa voël.....	3
The World of Sub-species.....	3
Skoenlapper Atlas.....	3
Kom ons korswel / korswil.....	4
"Let's talk Turkey".....	4

JAARPROGRAM

(Elsje van Rhyn)

Die Bestuursvergadering sal op 2 April 2013 by Erica van der Merwe se huis om 14:30 plaasvind. Neem nou reeds kennis dat die Algemene-vergadering op 9 April 2013 te Gereformeerde Kerk se saal om 06:00 vir 06:30 sal plaasvind. Dit is in die vork van 'n Bring-en-Braai. Billy Attard sal die aand 'n aanbieding doen oor die Kraanvoëls van die wêreld.

Lede word daarvan herinner dat die uitstappies vanaf April om 07:00 vanaf Gholfpark se hek begin.

Die uitstappies vir April vind op **13 April** plaas. Ons gaan na Buffelshoek toe, die plaas van Leone Lombard. Op **25 April** besoek ons weer ons apteker, Klaas Lourens, se plaas.

Vriende van Nyfsvley en Nyl vloedvlakte:
Die Vriende van Nyfsvley bied op **13**

April 'n beginnerskursus aan wat deur Geoff Lockwood aangebied gaan word. Op **14 April** om 10:30 vir 11:00 is dit die Algemene Jaarvergadering van die Vriende van Nyfsvley. Geoff is ook die gasspreker.

(Skakel vir Marion by 012-667 2183)

Ledegelede, ten bedrae van R60 per lidmaat, R60 per huisgesin vir buitelede, en gratis is vir lede bo 80 jaar, is onmiddelik betaalbaar by Wilma Claassens. Laat ons asb. ons bankrekening so gou as moontlik in die "groen" kry. Na Maart sal lede wat nog nie betaal het nie met rooi gesigte rondloop en sal sodoende aan hierdie gelaatskleur ge-eien word!

Lief en Leed

Ons het verneem dat Ena Boshoff oorlede is. Ena was aan ons wel bekend as plaaslike joernalis. Ons wens haar familie sterkte toe. Corrie Evert herstel na 'n operasie en lang siekbed.

Aan Nina sê ons ook alle beterskap met Corrie se herstel na die operasie.

Ons sê baie welkom aan twee nuwe lede naamlik Frik en Therese Yssel. Frik het sommer dadelik die tjokkie gewen, wat sekere oudlede soveel jare ontwyk!

So terloops, ons ledetal by Die Oog staan op tien! Een van die dae mag daar dalk 'n "Die Oog Voëlklub" gestig word! Ons sal moet begin met die finansiële beplanning vir 'n bruidskat vir die "afstigting"!

WAARNEMINGS: UITSTAPPIES

Tydens die uitstappie van 28 Februarie na die plaas van Jan en Alien Boshoff, is daar 36 spesies getel. Die tjokkie is gewen deur beide Frik Yssel en Alda Albasini. Alda het toe gesê dat Frik die lekker tjokkie kan kry omdat hy 'n nuwe lid is. Dankie Alda vir jou tegemoetkomendheid. Op 9 Maart het ons die plaas Diamant besoek en is daar 66 spesies getel. Die wenner van die tjokkie was Alda Albasini gewees. Daar was aanvanklik konsternasie oor 'n "vreemde" voël wat op die lelieblare rondgeloop het. By nader ondersoek blyk dit toe die wyfie Grootlangtoon te gewees het.

Die "dorpstelling" is op 14 Maart gehou. Ons dank gaan aan Wilma Claassens en Louisa Fourie wat so te sê eiehandig die hele dorp deurkruis het en 97 voëls getel het uit die groot total van 104. Bravo julle twee! Ons dank ook die ander lede wat die 97 opgestoot het na 104 toe. Dit is 'n baie mooi totaal vir ons dorp Mookgophong. Die Kaalwangvalk was mooi om te sien verkleur van geel na rooi in die gesig!

Verjaardae in April 2013

Die onderstaande lede en 'oudlede' word alle seën en voorspoed toegewens met die herdenking van hul geboortedag. Let ook op die *dubbeldore* van 16 en 21 April.

- | | |
|---------------|-----------------------------------|
| 1 Apr | Stella Breitenbach |
| 3 Apr | Hennie Ludik |
| 5 Apr | Heleen van der Vyver (oud lid) |
| 11 Apr | Alta Bronkhorst |
| 16 Apr | Wessel Linde |
| 16 Apr | Marietjie van der Merwe (oud lid) |
| 17 Apr | Paul van der Schyff |
| 21 Apr | Piet Heymans en Therese Yssel |
| 25 Apr | Renate Sonneman |
| 27 Apr | Charles Field (buite lid) |
| 28 Apr | Elize Bekker (oud lid) |
| 30 Apr | Dr Koos Booyens |

FB-eye (groen-oog Spy van die VSA) en oom **SP-eye** (rooi-oog Spy van die USSR) het verneem dat "hoe-ry-die-boere-tsits-tso" is nie klanknabootsend van hoe die boere roep nie.

Na Zdarovje ou grote.



Die *Litsitsirupa* voël

Ons outydse voëlname is besonder interessant en geweldig insiggewend as mens dit navors. Ek kan my nie losmaak van hierdie voorliefde van my met enige voëltjienaam nie. Ek versamel outydse voëlname nou al vir etlike jare, hoofsaaklik in Afrikaans maar oulike Ingelse en inheemse volke se voëlname, en ook oorsee voëlname, verskaf geweldig baie etimologiese inligting oor die herkoms van die name.

So by so het die wetenskaplike spesienaam van die **Gevlekste Lyster** (*Psophocichla litsitsirupa*) my aandag getrek. Ek het die Latynse woorde in Jobling se boek nageslaan. *Psophocichla* kom van Grieks: *psophos* = geraas, en *kikhle* = lyster. Ek gryp dan enige van my legio voëlboeke want my "snuffelspiere" is nou geprikkel, sien. Ek gryp toe sommer my sewe Roberts uitgawes en begin blaai, van uitgawe 1 tot 7. Interessant is dat Roberts 1 reeds in 1940 die korrekte wetenskaplike naam as *Psophocichla litsitsirupa* gehad het net soos die nuutste Roberts 7 uitgawe. Die ander het almal die wetenskaplike naam as **Turdus litsitsirupa** gehad, met uitgawes 3 en 4 wat weer *litsitsirupa* anders gespel het nl. *litsi(p)sirupa* met 'n "p" in plaas van 'n "t".

Dr. Gunning het ook nog 'n ouer wetenskaplike naam in sy boek van 1910 gehad van **Geocichla litsipsirupa** soos A. Smith dit in 1836 genoem het. Stark en Sclater het weer in hulle boek van 1901 beide die name *Geocichla litsitsirupa* en *Turdus litsipsirupa* vermeld.

Nou, die woord '*litsitsirupa*' óf '*litsipsirupa*' is 'n verlatynste onomatopeïese voëlnaamvorm uit Tswana. Die klanknabootsende lettergrepe word ook deur verskilende skrywers verskillend aangetoon, en wel soos volg:

- lit-sit-si-rupa;
- let-setserôpa;
- le-Tshutshuroopoo;
- Ietshutshuroopoo;
- chu-chu-roo-foo; en
- li-tsi-tsi-rupa

Al hierdie onomatopeïese roepfrases is 'n stadige stakato van note wat hierdie voëltjie sing. Sien, Tswana figureer ook hier in die naamgewing van voëltjies!! Oulik né?

The World of Sub-species

Since the publication of *Roberts Geographic Variations* by Hugh Chittenden *et al*, the world of subspecies have opened up again for me. If you do have the first edition of *Robert's Birds of South Africa*, you would have noticed that many bird species names are written in "subspecies-format". Thus, *genus-species-subspecies*.

In Chittenden's book he defines a subspecies as follows:

"Subspecies are defined as discrete geographical populations of a species that differ consistently from other populations of that species in one or more morphological aspects, usually in the colour or patterning of plumage but also in other aspects related to mensural dimensions such as size and proportions".


Subspecies, or rather geographical variations of birds, increases the "range" of my life list with a substantial quantity of approx. 390! As an example I can now look for "two" (2) Cut-throat Finches (see page 228-229 of Hugh Chittenden's book).

(Ed: *Roberts Geographic Variations of southern African Birds* is a must.)

Skoenlapper Atlas

Hierdie boek was op 'n spesiale aanbieding gewees ten bedrae van R 595. Diegene wat belangstel kan dit by Netbooks bestel. Hul webadres is: www.netbooks.co.za

Die boek beslaan 600 bladsye en beskryf die skoenlappers wat in Suid Afrika, Lesotho en Swaziland voorkom. Dit beskryf 657 spesies en met die sub-spesies by is die taxa 794.



Die besigtiging en identifisering van skoenlappers is ook 'n baie interessante stokperdjie. Groot was die opgewondenheid om die Waterbergse Kopervlakte weer na 25 jaar te kon waarneem. Kenners het gedink dit het toe reeds uitgersterf.